
Die Stem
van die HERE
Psalm 29

1'n Psalm van Dawid.
Prys die Here, julle hemelinge!
Prys die Here om sy eer en mag!
2Prys die Here om die eer van sy Naam!
Buig voor die Here by sy heilige verskyning!

Psalm 29

3 Die stem van die Here
weerklink oor die waters.
Dit is die magtige God
wat die weer laat dreun;
die Here self is op die groot waters!
4 Die stem van die Here is magtig,
die stem van die Here is vol majesteit.

Psalm 29

5 Die stem van die Here kloof
die seders van die Libanon oop.
6 Hy laat die Libanon bokspring soos 'n kalf
en die Sirjon soos 'n jong bees.
7 Die stem van die Here laat weerlig uitslaan.
8 Die stem van die Here
laat die woestyn bewe.
Die Here laat die Kadeswoestyn bewe.

Psalm 29

9 Die stem van die Here laat die wildsbokke
ruk van skrik;
dit stroop die bosse kaal.
In sy paleis roep almal uit: “Hoe geweldig!”
10 Die Here heers oor die watermassas,
Hy heers vir altyd as koning.
11 Die Here gee krag aan sy volk;
die Here seën sy volk met oorvloed.

Psalm 29




Dit is die HERE
en geen ander god nie


Die HERE in die
natuur sigbaar


Die HERE regeer
oor die natuur



Die HERE is groter!


Epifanie:
Die Stem van die HERE
word weer gehoor

21 Toe al die mense hulle laat doop het, is
Jesus ook gedoop, en terwyl Hy staan en
bid, het die hemel oopgegaan 22 en het die
Heilige Gees in sigbare gestalte soos 'n duif
op Hom neergedaal. Daar was ook 'n stem
uit die hemel: "Jy is my geliefde Seun. Oor
Jou verheug Ek My."

*Lukas 3:21-22*


Jesus:
Die Stem van die HERE
word weer gehoor


13 Skielik was daar saam met die engel 'n
menigte engele uit die hemel wat God prys
en sê:
14 "Eer aan God in die hoogste hemel,
en vrede op aarde
vir die mense in wie Hy 'n welbehae het!"
Lukas 2:13-14

9Daarom het God Hom ook tot die hoogste
eer verhef en Hom die Naam gegee wat bo
elke naam is,
10sodat in die Naam van Jesus elkeen wat in
die hemel en op die aarde en onder die
aarde is, die knie sou buig,
11en elke tong sou erken: “Jesus Christus is
Here!” tot eer van God die Vader.

Filippense 2:9-11


15 Sy voete was soos geelkoper wat in 'n
smeltoond gloei, en sy stem soos die
gedruis van 'n groot watermassa.
Openbaring 1:15

39 Toe staan Hy op, bestraf die wind en sê vir
die see: “Hou op! Bedaar!”
Die wind het gaan lê en daar het 'n groot
stilte gekom.

*Markus 4:39*


11Die Here sal sy volk
sterkte gee, die Here sal
sy volk seën met vrede.
Psalm 29:11 OAV


Die Stem
van die HERE
Psalm 29